Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

DIE OU MUTUAL
bied u die beste in Lewensversekering
SAM 1961

JAARGANG XXI WOENSDAG 3 AUGUSTUS 1966 No. 8

# GEDRAG VAN P.U.-STUDENTE NIE ONBETAAMLIK

## Owerheid oorweeg stappe, sê sondagkoerant

**„DIE STUDENTE van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het geen aandeel gehad in enige wanordelikhede wat tydens die jaarlikse sokkertoernooi in Bloemfontein sou plaasgevind het nie."**

**So het mnr. Johan van Wyk, verteenwoordiger van die Studenteraad op die toernooi, in 'n onderhoud gesê.**

Die verklaring volg op 'n seskolomberig in 'n bekende Afrikaanse Sondagkoerant. Die berig meld dat die universiteitsowerheid van Potchefstroom **stappe oorweeg teen studente** wat hulle „onbetaamlik" gedra het.

GEEN STAPPE

Sover vasgestel kon word, is geen stappe deur die owerheid van die P.U. gedoen teen studente wat hulle onbetaamlik sou gedra het nie.

WANORDELIKHEID

**Wanordelikheid het na 'n bierdrinkwedstryd in 'n Bloemfonteinse hotel plaasgevind, word berig.**

Die „bierdrinkspan" van die P.U. het die bierdrinkkompetisie gewen met 'n tyd van 28 sekondes.

Die Universiteit van Port Elizabeth was tweede en Pretoria derde.

UITGESAK

**Die spanne van die Universiteite van Natal en die Witwatersrand het uitgesak, volgens die koerant.**

Ander Sondagkoerante, waaronder een Engelstalige blad, het die voorvalle in Bloemfontein aan die gedrag van studente van die Witwatersrandse Universiteit toegeskryf.

Eersgenoemde sondagkoerant het verlede week in 'n kort beriggie vermeld dat verneem is dat geen studente van die Potchefstroomse en Vrystaatse Universiteite hulle onbetaamlik gedra het nie.

**★ Die voorsitter van die Studenteraad van U.O.V.S. het reeds ontken dat studente van die P.U. hulle aan wangedrag skuldig gemaak het tydens die toernooi op Bloemfontein.**

## WEER SO?



**Gaan dit weer so wees? Verlede jaar het die Potchefstroomse Onderwyskollege se eerste rugbyspan die „geletjies" van die P.U. met 30—3 onder die stof geloop. Saterdag speel die twee inrigtings se spanne weer teen mekaar op Olënpark.**

**Op die foto hierbo rank Dave Tromp om besit van die bal tydens verlede jaar se kragmeting. Rugbyspelers van die Puk voorspel dat hulle vanjaar gaan wen.**

## VORSTER KRY ERE-PENNING

Die A.S.B.-erepenning is vanjaar toegeken aan adv. B. J. Vorster, Minister van Justisie, Polisie en Gevangenisse, vir sy bydrae tot die vrede, veiligheid en stabiliteit van die Republiek.

## Bepleit universiteitskode vir linkse studente

**'n DISSIPLINêRE universiteitskode moet deur die Regering ingestel word om optrede van linksgesinde studente aan bande te lê. Dit is die mening van die voormalige, hoof van die Weermag, kmdt. genl. S. A. Melville.**

Kmdt.-genl. Melville het gesê dat protesoptogte en protesvergaderings teen die landswette asook die uitnooi van linksgesinde persone uit die buiteland om studente te kom toespreek neerkom op sabotasie.

AGITATORS

„Die publiek verwag dat ons universiteite die toekomstige leiers van die volk sal verskaf en nie kommunistiese agitators nie," het hy gesê.

'n Dissiplinêre universiteitskode soortgelyk aan die dissiplinêre kode van die Suid-Afrikaanse Weermag, sal kan verbied dat studente aan protesvergaderings en protesoptogte teen die landswette deelneem. Vryheid van spraak kan gehandhaaf word deur dit tot lesingkamers te beperk.

## Blinde student behaal graad

'n Blinde student van die Royal National Institute, die 22 jarige Arthur Chatters, het die eksamen vir die honeursgraad in Wiskunde in die eerste klas geslaag.

Mnr. Chatters het 90 minute langer geneem as die ander studente, om die vraestelle in Braille af te lê.

## NUWE PRESIDENT

Mnr. Boy Geldenhuys, onder-president van die A.S.B. en voorsitter van die Studenteraad van die Universiteit Stellenbosch is na afloop van die onlangse kongres tot die nuwe president van die A.S.B. gekies.

Mnr. Kobie van der Walt van die P.U. is verkies tot onder-president. Die nuwe sekretaris is mnr. Johan Du Plessis van U.O.V.S.

Die res van die bestuur is: Mnre. Viccie le Roux (Stellenbosch), Gerrie Botes (Goudstad), Ben de Klerk (Puk), Gert Geertsema (Pretoria), Louis Claasen (Stellenbosch), en Sam de Beer (Pretoria).



**Mnr. Kobie van der Walt, ondervoorsitter van die Studenteraad wat tydens die jaarlikse kongres van die A.S.B. op Stellenbosch verkies is tot onder-president.**
Foto: Fotokuns.

## Kwitansie nodig om eksamen te skryf

Belangrike wysigings in die registrasie vir P.U.-eksamens is van vanjaar af van toepassing volgens 'n kennisgewing van die Universiteit se eksamenafdeling.

Alle studente wat teen einde 1966 en begin 1967 eksamens aan die P.U. wil aflê,moet spesiale eksamenvorms by kamer 20, Administrasiegebou, kry. Die vorms moet behoorlik ingevul en na die Universiteitsrekenmeester geneem word vir sertifisering dat die student se finansiële verpligtinge nagekom is.

Die vorms moet dan teruggeneem word na kamer 20 waar die leergange nagegaan sal word en 'n kwitansie aan die student uitgereik sal word.

**Geen studente sal op eksameninskrywing kan aanspraak maak indien hy nie 'n kwitansie ontvang het nie.**

# PERSUNIES SAL IN NABYE TOEKOMS SAAMWERK

**Die Afrikaanse Studente-persunie het besluit om op praktiese vlak met Sanspa, die Engelse studente-persunie saam te werk.**

Die besluit volg op 'n verslag wat tydens die Julie-konferensie gedoen is oor die werksaamhede van Sanspa.

'n Afgevaardigde van Sanspa is uitgenooi om 'n gedeelte van die Aspu-konferensie in Stellenbosch by te woon. Hy is mnr. Norman Blight van Johannesburg College of Education.

WAARDERING

Mnr. Blight het tydens die konferensie sy waardering uitgespreek teenoor die gebaar van welwillendheid en toenadering.

Hy het moontlike samewerking tussen Engelse en Afrikaanse studentekoerante beklemtoon.

HOOFDOEL

Mnr. Blight het gesê dat objektiewe beriggewing die hoofdoel van Sanspa is.

'n Afgevaardigde het aan mnr. Blight gevra of so 'n samewerking moontlik sou wees aangesien Sanspa hom laat ken deur die verklaring: „We have no attitude towards anything that is not connected with the student press . . . We do believe in the freedom of the press . . In sofar as a free press is one aspect of Western Christian Civilization, it can be said that we favour it — but we have no attitude towards Western Christian Civilization as such."

POLITIEK

**In sy antwoord het mnr. Blight daarop gewys dat Sanspa geen politieke menings huldig nie en dat hulle belang slegs is in 'n vrye pers met objektiewe beriggewing.**



'n Toneeltjie uit die „INSPEKTEUR-GENERAAL" wat Vrydagaand in die Totiussaal aangebied word. Die Thalia-groep het gedurende die afgelope vakansie met die stuk getoer.

Foto: Fotokuns.

# PUKKE SE AANBIEDING EERSTE GEPLAAS

**Die P.U. se aanbieding van „Die Sandkis" deur Edward Albee, het vanjaar die toekenning vir die beste drama-aanbieding op die A.S.B.-kusfees ontvang.**

Mnr. Theunis Botha, senior Lektor van die Departement Spraakleer en Drama, het die regie waargeneem. Die rolle is vertolk deur Lottie van Rensburg (Ouma), Edna Coetzee (Mammie), Dirk Laufs (Doodsengel), Abri le Roux (Pappie) en Jacques Hugo (Klarinetspeler). Mnr. T. van Rensburg het as bestuurder vir die geselskap opgetree.

### GEWEN

**„Die Sandkis"** is onder beskerming van Thalia-toneelvereniging aangebied en die stuk het ook die A.T.K.V. se streekstoneelkompetisie in Vanderbijlpark gewen. Dié eenbedryf sal later op landswye vlak tydens die sentrale A.T.K.V.-toneelfees in Bloemfontein meeding.

**„Die Sandkis"** het as tema die verworping van die bejaarde ouer deur die moderne ydele mens. Albee het die stuk dan ook aan sy grootmoeder opgedra.

Hoewel die werk verteenwoordigend van die **Teater van die Absurde** is en die mens in sy verwarring uitbeeld, is daar tog treffende patos en ontroering in die slottonele.

### APPLOUS

Die aanbieding het in Vanderbijlpark sowel as in Stellenbosch luide applous uitgelok.

In die voordragafdeling het 'n P.U.-student, Abri le Roux, die Teunis Botha-wisseltrofee vir die mees prominente voordraer op die Kunsfees, ontvang, terwyl Lottie van Rensburg die Marjabeker vir gedramatiseerde poësie in die dames-oop-afdeling, gebuit het. Albei die wenners is drama-studente.

Die beoordelaars in die voordragafdeling was mejj. E. van Ryswyk en M. Heyns.



**Abri le Roux wat die Teunis Botha-wisseltrofee vir die mees prominente voordaer op die onlangse A.S.B. Kunsfees op Stellenbosch ontvang het.**

Foto: Fotokuns

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en Sokkies

# Lentefees vir September

**'n Groot lentefees word op 3 September deur die Ontspanningskomitee aangebied. By die geleentheid sal die studente van die P.U. die geleentheid kry om behoorlik fees te vier, het die voorsitter van die komitee, mnr. S. van der Walt gesê.**

**Tydens die sing-songs wat die komende Intervarsity voorafgaan, word 'n baardkompetisie gereël.**

**Die Ontspanningskomitee probeer om soveel goeie rolprente moontlik te vertoon, het mnr. Van der Walt gesê.**

# Pukke oorheers jaarlikse kunsfees in Matieland

**Die P.U. vir C.H.O. het vanjaar skoonskip gemaak van die meeste items op die A.S.B.-kunsfees in Stellenbosch. Die Volkspelelaer het volkspelers van al die ander universiteite en onderwyskolleges uitgestof. Die P.U. het vanjaar ook die beste eenbedryf tydens die toneelkompetisie aangebied.**

Die P.U.-Skaakklub het homself terdeë laat geld en die skaakkompetisie gewen. Die Pukke was die beste volksangers tydens die fees. Al die wisseltrofeë wat vir voordrag toegeken word is deur studente van die Potchefstroomse Universiteit gebuit. In die musiekafdeling is werk van hoogstaande gehalte deur Pukke gelewer.

### SWAK

**Die standaard van die Kunsfees was vanjaar besonder hoog, maar die ondersteuning was swak.**

Die volkspelers verdien lof vir hulle aanbiedings wat met finesse en tegniese afgerondheid geskied het. Die groep het die eerbied en respek afgedwing van nie alleen Pukke nie, maar ook studente van ander A.S.B.-takke het pertinent getoon dat hulle beïndruk is.

Die Kunsfees-konsert in die moderne Burgersentrum van Bellville is deur die P.U.-Volkspelelaer geopen en deur die bekroonde drama-aanbieding: van die P.U.: „Die Sandkis" afgesluit. — P.

# Thalia op 5 Aug. voor studente

Thalia - toneelvereniging van die P.U. het gedurende die Julievakansie 'n geslaagde toer deur Suidoos-Vrystaat onderneem. Hulle het die **„Inspekteur-generaal"** van Nikolai Gogolj, wat uit die Russies vertaal is, opgevoer.

Die luimige klug in vyf eenbedrywe is oral met groot geesdrif begroet. Vyftien karakters tree op in die stuk.

Die hoofrolle is vertolk deur Hans Strydom, Riana Coetzee en Flip Buys.

Pukke kry op 5 Augustus die geleentheid om die toneelstuk

## Aandag Pukke!

**Thalia bied aan**
**DIE INSPEUKTEUR-GENERAAL**
**Vrydag 5 Augustus om 7.30 nm. in die Totiussaal.**
**Alabama bied aan:**
**DIE DRIE ASTERTJIES**
**Saterdag 6 Augustus om 7.30 nm. in die Totiussaal.**
**Toegang vir elke aand: 10 sent enkel en 15 sent sleep.**
**Geen bespreking.**

# GROEP VAN P.U. WEN VOLKSANG

Die P.U.-Volksanggroep onder leiding van mej. Blanché Human, het weer eens die voortou geneem tydens die afgelope A.S.B.-kunsfees op Stellenbosch.

Dit is reeds die tweede keer dat die verskillende universiteite op die gebied van die Volksang meeding en belangstelling is nog nie wat dit moet wees nie. Verlede jaar het slegs die P.U.-groep ingeskryf en vanjaar het

# KUNSGESELSIE

DIE Bybelse visie op die mens en die wêreld kan nie gerym word met die tragiese lewensbesef nie. Die Bybel is immers verkondigingsboek en geen versameling observasies op die menslike lewe nie; geen bundel „cate-histories" nie. Athene bied die tragiese lewensbesef — nie Jerusalem nie. Sedert die begin van die geskiedenis van die Weste tree Jerusalem en Athene op as vyandige susters. Die Westerse kultuurgeskiedenis is maklik beskryfbaar as 'n afwisseling van toenadering en bittere afkeur tussen beide. Vir vyftien eeue het die Christendom dit reggekry om versoening met die tragiese denke te weerstaan — wat nie verhinder nie dat die Oosters-Ortodokse kerk Euripides tot heilige verklaar het nie!

### ONREG

**Kultuurhistories is die tragiese blik op die werklikheid eers moontlik wanner die vaste vertroue in die alomvattende Godsbestuur sodanig ondermyn is dat die mens openlik daaroor praat en daarmee lewe. Mens doen Shakespeare daarom geen onreg aan as jy hom eerder Renaissancemens as Christen noem nie. ..... ....**

Aan Vondel en Milton se geloof kan 'n mens egter nie twyfel nie en Corneille en Racine was goed Rooms — en tog skryf hulle tragedies. Skryf hulle nou Christelike tragedies of skryf Christene tragedies soos enige iemand anders? Boonop het die „Christelike tragedie" ontstaan uit die Middeleeuse misteriespele en moraliteite op kerkgebied.

Die latere Protestantse afkeer van die teater het allermins bestaan by die reformatoriese vaders. Calvyn was van **1541 tot 1564** met sy dood aan die hoof van Genève se regering, kerk en universiteit. Tydens diè tydperk, in **1550**, skryf sy latere opvolger en biograaf, Théodore de Bèze die tragedie „Abraham Sacrifiant". De Bèze hou hom steeds soos vele van sy toneelskrywende tydgenote dig by die Bybelse feite. In sy voorwoord sê hy nadruklik dat hy die stuk tot eer van God geskryf het, en ook om die ergernis, veroorsaak deur sy jeugverse, waaroor hy nog bloos, te verwyder. Heel modern spreek die prologspreker hom uit oor die groot gehoor:

**„. . . Plût à Dieu que toutes les semaines**
**Nous pussions voir les églises se pleines".**

„Abraham Sacrifiant" bied egter nie ware tragedie nie. Dit is 'n retoriese, verhalende preek, met lang monoloë — nie sonder skoonheid nie en ook nie onspeelbaar nie.

### HUGENOOT

'n Kwart eeu later bied die hugenoot Jean de la Taille 'n definisie van die tragedie wat egter invloed van Aristotelis toon. In die goue eeu bied Corneille se tragedies 'n verheerliking van die eer van die mens — die Renaissance „virtu" — wat geen belediging ongewreek durf laat nie.

Racine skryf weer in al sy glans oor die hartstogte wat die mens in beslag neem. In die moderne tyd bied veral Claudel en T. S. Eliot „Christelike tragedies". Beide van hulle sê egter elk op sy eie manier dat die tragiek uiteindelik berus op eensaamheid en selfbeskouing: dus op onwerklikheid.

Vir die gelowige is elke tragedie uitbeelding van Adamstragiek weergawe van die haglikheid van 'n lewe-sonder-God. Daarom mag die tragiese reik tot die uiterste grense van menslikheid. Dit is oneindig belangrik, ook Christelik gesproke, dat die tragedie dit heftig doen, as om te preek dat dit alles nie so erg is nie.

—D. v. d. B.

# Vryheid van die indiwidu word aangehang

Meer as enige ander tydperk in die geskiedenis word die idee van persoonlike vryheid vandag aangehang, verkondig en gepropageer as universele reg van alle mense, het prof. J. H. Coetzee, hoof van die Departement Volkskunde aan die P.U., onlangs op die algemene jaarvergadering van die S.A. Akademie op Stellenbosch gesê.

Die wrewel van gesag is nie soseer teen die samelewing gekeer nie, maar eintlik teen die gesagsaspekte daarvan wat die vryheid van die indiwidu aan bande lê. Dit word veral teen die kerk, staat, gesin en die konvensies van die volk gerig, het prof. Coetzee gesê.

Hy het gesê dat die toenemende persoonlike vryheid ewewydig loop met eensaamheidsiektes. „Dit is ewe opvallend dat met die verwerping van die beskermende gevoel, die verlange na menslike omgang hewiger en

# VENI VIDI VICI




Lesers van sekere sondagkoerante het dié indruk gekry. . . . . . Hoewel studente van die P.U. die bierdrinkkompetisie tydens die sokkerintervarsity op Bloemfontein in 'n rekordtyd gewen het, het hulle geen aandeel gehad aan die wanordelikhede waaraan 'n sekere sondagblad die „Potchefstroomse Uuiversiteit vir Christelike Hoër Onderwys" wil koppel nie.

# Vier S.R.-voorsitters verower Abe Bailey-reisbeurse

**VIER studenteraadsvoorsitters van Suid-Afrikaanse universiteite, die onder-president van Nusas, 'n oud-hoofbestuurslid van die A.S.B. en 'n Springbokatleet is onder die twaalf studente wat op 7 Desember vanjaar na Brittanje as Abe Bailey-beurshouers reis.**

**Die studenteraadsvoorsitters is mnre. Glen Cowley (Natal-Durban), Dave Hirschman (Wits) Arrie Hattingh (U.O.-V.S.) en Roux Marnitz (U.P.)**

Willie Coetzee, hekkiesatleet van die P.U. is die Springbok.

Mnr. John Sparck (Rhodes) is tydens die onlangse Nusas-kongres as onder-president van Nusas verkies terwyl mnr. Arrie de Beer (Potcheftroom) voorsitter van die Afrikaanse Studentepersunie en lid van die A.S.B.-hoofbestuur vir die 1965/66-termyn was. Mnr. De Beer is 'n voormalige hoofredakteur van Die Wapad.

Dit is nie bekend wie Stellenbosch Universiteit verteenwoordig **nie.**

**JAARLIKS**

Die beurs word jaarliks aan twaalf studente van bogenoemde vier Afrikaanse universiteite en vier Engelstalige universiteite toegeken. Al om die ander jaar benoem 'n universiteit twee kandidate.

**Alle mansstudente en juniorlektore, wat ten minste twee jaar aan 'n betrokke universiteit verbonde is, kom vir die beurs in aanmerking.**

**PRESTASIES**

Kandidate se prestasies op akademiese-, sport-, en kuturele gebied en hulle aandeel in die gemeenskapslewe in die algemeen word in aanmerking geneem.

Die Studenteraad van die P.U. doen jaarliks by die Rektor aanbevelings vir die beurs.

**Na verneem word, is die moontlikheid oorweeg dat alle onderliggame van die Studenteraad en die sosiaal-akademiese verenigings in die toekoms in kennis gestel sal word dat hulle name van moontlike kandidate aan die Studenteraad vir kennisname kan voorlê.**

Vanjaar se voorsitter van die Studenteraad, mnr. Frans van der Walt, was nie vir die toer beskikbaar nie, terwyl die ondervoorsitter, mnr. Kobie van der Walt, aan die hoof staan van die A.S.B.-toer na Europa tydens die somervakansie. — (Eie Berig en Sanspa).

## Menseregte gee nuwe rigting

Menseregte en fundamentele vryhede het by regsgeleerdes 'n nuwe rigting laat ontstaan, het prof. H. L. Swanepoel van die P.U. onlangs in sy referaat voor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gesê.

Dit is dat die reg nie meer finaal bepaal en getoets kan word deur die landsburger se hoogste wetgewende gesag en hof nie, maar deur 'n bonasionale regsorde en regbank.

Die uitoefening van menseregte en fundamentele vryhede laat die mens dikwels met blote slagspreuke tevrede wees. In die wedloop om die handhawing van menseregte word die enkeling met die slagspreuke aangemoedig, het prof. Swanepoel gesê.

## Luthuli is weer ere-president

Mej. Margaret Marshall is eenparig verkies tot die nuwe presidente van Nusas.

Mnr. J. Daniel, vise-president, en mnr. Ian Robertson, ingeperkte president vir die vorige termyn, is verkies tot lewenslange erelede van Nusas.

Albert Luthuli, Nobelpryswenner vir vrede, is herkies tot erepresident.

## Koerant moet sê wat hy wil — Sanspa-man

„Studentekoerante kan meer radikaal wees as nasionale koerante omdat hulle finansieël onafhanklik is,— Hulle kry 'n vasgestelde bedrag by die universiteit en het 'n vasgestelde sirkulasie, het mnr. Roger Omond, die Sekretaris-generaal van Sanspa gedurende die afgelope vakansie 'n konferensie van die liggaam gesê.

Die koerante word in die algemeen nie gesensor deur universiteitsowerhede nie, en behoort te sê wat hulle wil — binne die perke van die wet, het mnr. Omond gesê.

## HEEMSTEDE



**Heemstede (eintlik Heemstede-anneks) een van die tientalle historiese en interessante plekke waarmee Pukke tydens die A.S.B.-kongres op Stellenbosch kennisgemaak het!**

**Studente van Matieland vertel met trots dat die stigtingsvergadering van die Nasionale Party in die huis plaasgevind Hier is ook die eerste vergadering gehou wat later sou uitloop op die stigting van die Burger.**

**Dit was die vorreg van die A.S.B.hoofbestuur om tydens die kongres in Heemstede-anneks tuis te gaan.**

## Studentekoerant moet nie skroom om vrae te stel sê Kaapse koerantman

**„My ideale studentekoerant sou 'n suurdeeg in die studentemassa wees, waarvan baie dikwels nie sou hou nie, maar wat niemand maklik sou kan ignoreer nie. Hy sou 'n prikkel wees wat teen alle selfvoldaanheid en stagnasie gerig sou wees." So het mnr. P. J. Cillie, hoofredakteur van Die Burger, onlangs voor die Aspu-konferensie in Stellenbosch gesê.**

Mnr. Cillié het sy mening in verband met 'n ideale studentepublikasie gegee. Dit sou een van die belangrikste vormende invloede aan die universiteit wees.

So lewendig en interessant moet die publikasie wees dat elke student dit sou opraap en gretig deurlees om daarna die inhoud daarvan wyd en syd te bespreek, het hy gesê.

**Die studentekoerant sou nie skroom om vrae te stel, gevestigde opvattinge te ondersoek om aanvaarde menings in twyfel te trek nie, het mnr. Cillié gesê. Hy sou leiding neem in die kuns van debat en die oortuiging van andersdenkendes.**

**EENHEID**

So 'n koerant sou 'n nuwe soort eenheid en saamhorigheid bevorder, nie deur te preek nie, maar deur die vrae en vraagstukke wat sterk binne die studentemassa lewe, aan die orde te stel en 'n forum te verskaf vir debat en besinning.

Mnr. Cillié het besondere nadruk gelê op die prikkelende en hervormende invloed wat van 'n studentekoerant kan uitgaan omdat juis in hierdie tyd dit veral vir die Afrikaners so belangrik is om nie in die „lekkergeloof" te versink dat hulle stryd volstry is en dat alles wel is nie.

## Studentesentrum ontvang steun

Steeds meer steun word ontvang vir die gedagte aan 'n studentesentrum aan die P.U. het Mnr. C. J. Reinecke, assistent-direkteur van Ontwikkeling in 'n onderhoud gesê.

Die wenslikheid van 'n studentesentrum aan die P.U. word ook deur oud-studente uitgespreek.

**'n Komitee om fondse vir die doel in te samel is op 'n onlangse rëunie van oud-studente in Noordwes-Vrystaat gekies.**

„Ons sal bly wees as studente by die huisvaders aanbevelings sal doen oor hoe die sentrum aan studentebehoeftes kan voorsien," het Mnr. Reinecke gesê.

## Prof. Du Toit is president

Prof. C.A. du Toit, professor van Dierkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, is onlangs gekies as die nuwe president van die S.A. Vereniging vir die bevordering van die Wetenskap.

Die volgende kongres van die vereniging sal volgende jaar in Julie in Pretoria gehou word.

## MIN STUDENTERADE AAN NIE-BLANKE KOLLEGES


**„Wanneer konferensies tussen blanke en nie-blanke studente plaasvind, sal dit noodsaaklik wees dat dit van studenterade uitgaan en nie van die hoofbestuur van die A.S.B. of plaaslike komitees nie," het mnr. B. J. de Klerk van die P.U. in 'n referaat voor die A.S.B.-kongres gesê.**

„Die nie-blanke inrigtings staan neutraal teenoor die studente-organisasies en die vlak van ontmoeting is inter-universitêr.

**JAMMERTE**

**„Dit is 'n groot jammerte dat daar so min studenterade aan die verskillende nie-blanke kolleges is. Dit bemoeilik skakeling," het mnr. De Klerk gesê.**

Mnr. Boy Geldenhuys vorige onder-president van die A.S.B. het na aanleiding hiervan voorgestel dat 'n volledige memorandum opgestel word oor hoe „kontak en samewerking," indien enige, met nie-blanke universiteitskolleges moet geskied.



**Mnr. Ben de Klerk, mede-verteenwoordiger van die A.S.B. op die Studenteraad wat onlangs in Stellenbosch verkies is tot lid van die nuwe hoofbestuur van die A.S.B.**

## TE MIN PUBLISITEIT VIR APTEKERSFEDERASIE SÊ SENTMEESTER

**NOUER samewerking tussen die pers, publiek en aptekerswese is een van die mosies wat op die kongres van die S. A. Aptekerstudentefederasie, wat van 4-9 Julie te Kaapstad plaasgevind het, bespreek.**

Daar bestaan min samewerking tussen die pers en die S.A.A.S.F. het mnr. Chris Smit, die penningmeester van die federasie verklaar. Dit het tot gevolg dat die publiek slegs 'n vae begrip het van wat die federasie doen. Dit is daaraan te wyte dat die werksaamhede van die federasie nie die nodige publisiteit geniet nie.

**DOEL**

Die doel van die kongres was om professionele sake rakende aptekerswese in die algemeen te bespreek. Daar is sewentig mosies op die kongres bespreek. Die mosies word vir verdere oorweging en goedkeuring aan die S.A. Aptekerskommissie en die S.A. Aptekersvereniging voorgelê.

**Al die universiteite wat aptekerswese doseer, was op die kongres verteenwoordig.**

Tydens die kongres is die nuwe uitvoerende bestuur gekies, waaronder twee Potchefstromers. Mnr. Theo Vorster van die P.U. is tot onder-president van die S.A.A.S.F. verkies.

# Verlief Verloof Verlore?



VERLIEFDES, verloofdes en selfs die verlorenes is terug na 'n lang vakansie van rus of arbeidsame werkstallighede. Ja, waar ek ook nie orals moes rondswerf om al die toerlede oral oor die land te beloer om 'n bietjie nuus in te samel nie! Maar nou is dit tyd om terug te keer tot die wrede werklikheid. (En moet tog glad nie Hein en Lisa se raad vir die vakansie-romanses uit die oog verloor nie!!!)

Ek het 'n voëltjie hoor fluit dat dit nou nie meer lank is nie voor die Puk se verlore gees weer terug sal wees nie. Doer ver in Suidwes het Alabama een deel van die gees onder die sandduine uitgegrawe. In die Transkei het Thalia nog 'n deel uitgeskop en op Stellenbosch was 'n ander deel van die Puk se eertydse gees aan die studeer. In Oos-Transvaal op die rugbyvelde het nog deeltjies van die gees onder die stof uitgekruip en die hokkie-mense het ook met gedeeltes daarvan teruggekom. Al wat nou te doen staan vir die kommissie wat die Puk se gees moet opspoor, is om die verskillende deeltjies byeen te voeg en die geheel aan die massa te oorhandig. Oe, so in my geestesoog sien ek nog dat die Puk weer C. H. Oties word!!

**DIEPER**

**Daar in Matieland so tussen die sing en speel 'n volle week lank, het ons en ons bure oor die straat weer vriende geword. Maar Johan Schutte se vriendskap lê veel dieper by die Tukkie-asters van wie hy met 'n swaar hart afskeid geneem het.**

Anders as die vorige jare het die Alabama- en Thalia-toergeselskappe nie soveel romanses opgelewer nie. Dit skaad die gees as mens in klein groepies of twee-twee die toer deurmaak, sê hulle. Daar was nou wel enkele mans wat ander ouens se meisies baie mooi opgepas en beskerm het teen die woeste buitewêreld. Behalwe natuurlik Rennie wat self die stof van Suidwes uit Santie se oë gekeer het. Maar toe Rosa Pieterse so hulpbehoewend lyk op die ongerieflike trein, het Gerrit Grobler se hart vermurwe. . . . Dan is daar nog die hegte toermaats wat verlede jaar ontstaan het, wat na 'n jaar weer hervat het, of hoe sê ek, Koos?

**SONDAGMORE**

**Op 'n goeie Sondagmore voor kerk besluit Manie Bloemhoff en Lauretta van Staden dat daardie duur diamant nie tot sy reg kom in 'n dosie in 'n brandkas nie, en nou is dit moeilik om te sê wat blink die meeste: die klippie of Laurette se oë.**

Uiteindelik het Adri Griffioen, verlede jaar se koshuishoofdame die aftog geblaas en haar verloof aan Francois de Villiers, 'n heel bekende in die Interuniversitêre Vasvra oor die radio in die verlede.

Johan Aucamp het Marba le Roux se trou en geduld, terwyl hy so ver werk, met 'n blinknuwe „baksteen" beloon.

Braam de Villiers en Maria Moolman sleep ook al lank genoeg om te kwalifiseer vir die hoekie vir verliefdes, verloofdes en veerlorenes. Om dubbel seker te maak dat hulle eervol vermeld word, het hulle ook 'n mooi, blink ring aangeskaf.

**AIKONA**

**Verlore? „Aikona" sê Louisa, gebore Joubert. Net maar 'n verlies vir daardie boonste rak tussen die spinnerakke. Nou is ek MEVROU Maarten Roode. Dominee het self so gesê.**

Al gehoor van 'n vrou wat trou sonder dat haar van daarna verander word? Vra maar vir Elsa Badenhorst hoe dit gedoen word( Sonder dat Attie se van verander is). Elsa beveel die getroude lewe aan en sê die meisies hoef glad nie te leer kook voor hulle troue nie. Manlief eet al die brousels met smaak . . . al staan sy oë soms stoksyf!

Sterkte vir die gees, of dit nou vir die verliefdes, verloofdes, verlorenes is en of dit nou vir die komende Intervarsity is.

N.S. Hoeveel treine gaan Bloemfontein toe?

—LOELOERAAI


**Mans- en Sportuitrusters**

Pan Coetzee

U KOOP GRAAG

***VEKA***

daarom koop u by ons, die **ENIGSTE** VEKA-uitrusters in die dorp



**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

***„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"***

**Kerkstraat 91-95** **Telefoon 5236/4944**

**H/v. Tom en Borcherdstraat** **Telefoon 3431**

**POTCHEFSTROOM**



**INSLEEP**

***Waarheen almal sleep***

(Nou ook 'n nuwe sleephoekie bygekry)

**Koshuisbestellings Tel. 6039**



*Nuwe hoekie*




MNR. J.J. GERBER oorhandig 'n „nuwe motor" aan 'n huiskomiteelid van Dawie du Plessishuis-Noord. Hier skud hy blad met mnr. Lappies Labuschagne.

*Foto: Fotokuns*

# „MAGNAAT" BEMAAK MOTOR AAN P.U. MANSKOSHUIS

**„Dit is nou 'n koshuiskomiteelid duisend!" So sê die inwoners van Dawie du Plessis-Noord nadat een van die komiteelede, mnr. J. Gerber, sy motor aan die koshuis „bemaak" het.**

Die voorsitter van die koshuiskomitee, mnr. M. Labuschagne, het die motor namens die koshuis in ontvangs geneem.

**AMPSMOTOR**

**Die Dawie Doep-noorders roem nou daarop dat hulle die enigste universiteitskoshuis in Suid-Afrika is wat oor so 'n piekfyn „ampsmotor" beheer beoefen.**

Volgens mnr. Gerber is dit 'n heel besondere motor. Dit is 'n 1952-model met 125,000 myl agter die rug en het vyfdehands R60 gekos!

**PUIK**

Die werkverrigting van die motor is puik. Met goeie geloof kan hy Ventersdorp haal en nog dieselfde aand vyftien studente bioskoop toe neem, mits die verkeersdepartement nie aan diens is nie.

**ONDERHOUD**

**Mnr. Piet Ferreira, 'n tweedejaar student, sal die masjien se binnewerk dophou om die ergste gate toe te stop. Onderhoudskoste kom uit die koshuiskas. Koshuisinwoners kan die motor teen 'n „nietige" fooi huur.**

Die rede waarom mnr. Gerber die motor aan die koshuis „bemaak" het — „Sê nou ek gaan staan eendag in Johannesburg se strate, wie gaan die motor stoot? Dan is daar ook die ratte, van die vier is darem twee oor . . .

## Lang wors vir plegtigheid

Slagters het onlangs die wêreld se langste wors ten toon gestel. Die wors is 3,124 voet lank en oortref 'n Duitse worsrekord uit die jaar 1701.

Die Duitse wors is in Königsberg gemaak om die kroning van koning Frederik 1 te vier.

## Inbreker besoek Over de Voor

Over de Voor is in die afgelope vakansie deur 'n inbreker besoek. Die inbraak het aan die lig gekom toe verskeie inwoners wat na die vakansie teruggekeer het, ontdek het dat hul kaste oopgebreek is en van hulle besittings verwyder is.

**'n Paar van die inwoners het ongeveer honderd rand skade gely.**

Daar word van die speurafdeling van Potchefstroom verneem dat die inbraak een is van 'n reeks inbrake in Pothefstroomse koshuise.

Die polisie stel ondersoek in.

# Oud-Heimatters gaan in September re-unie hou

**Die eerste reünie van sy soort aan die P.U. word volgens 'n voorlopige program tydens die langnaweek van 2 tot 4 September gehou. By die geleentheid sal oud-Heimatters die geleentheid kry om die bande te hernu.**

Die verrigtinge begin op Vrydagaang 3 September waar 'n verwelkoming gerig sal word deur die koshuisvader, prof. W. N. Coetzee en huiskomiteelid, mnr. Jerry van Vuuren. Dit word opgevolg deur 'n besoek aan die huidige kampus gedurende die Saterdagoggend. Na 'n braaivleis by die Oude Molen vind 'n rugbywedstryd tussen oud-inwoners en huidige inwoners plaas.

**DINEE**

'n Dinee wat Saterdagaand gehou word, sal die hoogtepunt van die re-unie vorm. Prof. C. P. van der Walt en die rektor, prof. H. J. J. Bingle sal die verwelkoming rig. Aan die tafels sal inwoners volgens hulle jaargroepe ingedeel word, waarby 'n spreker van elke groep optree. Die verrigtinge loop die Sondagaand ten einde.

'n Oproep word gedoen dat alle persone wat weet van oud-Heimatters wat belang sal stel in die re-unie, met mnr. C. J. Reinecke van die Departement Ontwikkeling moet skakel.

# Dames sal „Ons Huis" weer volgende jaar bewoon

**„Ons Huis sal van volgende jaar af weer 'n dameskoshuis wees," het mnr. Andries Mulder, primarius van die koshuis, aan die inwoners bekendgemaak.**

Die meeste van die inwoners sal na die kompleks oorgeplaas word. Persone mag ook vir koshuise buite die kompleks aansoek doen. Losies word gesoek vir persone wat in buitehuise wil woon.

**Die nuwe dameskoshuis wat reeds in aanbou is behoort teen die helfte van volgende jaar voltooi te wees. De Klerk- en Piet Groblerhuis word dan manskoshuise.**

Volgens mnr. Mulder gaan groot verbeterings aan Huis Haak en Steek aangebring word.

## LAPELWAPEN BETWIS

Die bewering dat Oosterhof die eerste P.U.-koshuis is met 'n lapelwapen, word deur oud-inwoners van Heimat en Gatland betwis.

In 1960 het sowel Gatlanders as Heimatters reeds met metaallapelwapens gespog.

# Interuniversitêr

**DIE rekordgetal van 19,739 studente het hulle vanjaar by die Universiteit van Suid-Afrika ingeskryf. Hieronder tel 2,361 nie-blanke studente wat aan die universiteitskollege vir nie-blankes studeer.**

Prof Pauw het gesê dat die inrigting sy reuse groei te danke het aan die dringende behoefte aan universitêre opleiding in Suid-Afrika vandag.

Die universiteit het so uitgebrei dat 'n nuwe geboukompleks aanstaande jaar op Muckleneukkoppie in Pretoria opgerig gaan word.

**ZAMBIË:**

Pres. Kenneth Kaunda van Zambië is onlangs ingehuldig as die eerste kanselier van die universiteit van Zambië. Tydens die inhuldigingsplegtiheid was Pres. Julius Nyerere van Tanzanië die hoofspreker.

**OXFORD:**

Mnr. Ian Robertson, ingeperkte gewese president van Nusas het 'n beurs van die British Union of Students aanvaar om 'n onderwysersdiplomakursus te volg aan die Universiteit van London of Oxford.

**RHODESIË:**

Kommunistiese bedrywighede het onlangs gelei tot die skorsing van ongeveer 31 studente, aanhouding of inperking van 19 dosente en studente asook die sluiting van die kollege. Die lektore wat aangehou is sluit vier Britte, 'n kanadees, 'n Noor, 'n Italianer en 'n Nederlander in. Gedurende 'n daaropvolgende sitting van die Rhodesiese paarlement is die vraag of die aangehoudenes gedeporteer sal word, aanhangig gemaak.

**PRETORIA:**

Drie ministers, 'n oud-minister, 'n bekende ekonoom, 'n lid van die Suid-Afrikaanse regspan by die wêreldhof en die huidige rektor van die Universiteit van Pretoria sal aanstaande week deelneem aan groot feesvieringe in Pretoria. Hierdie groep oud-Sonoppers sal eregaste wees by die feesvieringe te herdenking van die vyftigste bestaan van Sonop, 'n manskoshuis van die Universiteit van Pretoria.

**JOHANNESBURG:**

Die Universiteit van die Witwatersrand het onlangs 'n pos vir 'n dosent in Sake-administrasie, met 'n salaris van R10,000 per jaar geadverteer.

Die pos het in die koerante van verskeie lande verskyn, asook in Suid-Afrika.

**PIETERMARITZBURG:**

Studente van die Natalse Universiteit in Pietermaritzburg is ontevrede omdat die universiteitsowerheid hulle versoek dat mansstudente dames in hul privaat kamers of in die koshuissitkamer kan ontvang, verwerp het.

Mansstudente word wel in dameskoshuise toegelaat.

**LONDON:**

Tuisstudente in Brittanje kan vroeg in 1968 hulle eerste lesings ontvang oor die beeldradio. Die kursus sal lei tot die voorbereiding van 'n universiteitsgraad. Die „Universiteit van die lug" word deur die Britse uitsaaikoroprasie aangebied.

**JAPAN:**

Die Japanese regering oorweeg 'n plan om 'n spesiale skip te bou wat as 'n drywende Universiteit gebruik sal word.

As die plan tot uitvoer gebring word, sal die skip met 1,000 studente aan boord, vreemde lande besoek terwyl studies op die skip voortgesit word.

*Aanpassing nodig:*

# Reorganisasie van A.S.B. op kongres bepleit

**„EEN van die ernstige probleme van die A.S.B. is dat ons miskien die beginsel as sodanig ooraksentueer, bespreek en selfs bestudeer, terwyl die toepassing in die praktyk verwaarloos word." So het mnr. Roelf du Plessis, Direkteur van Studie en Navorsing vir die vorige termyn, tydens die onlangse A.S.B.-kongres, op Stellenbosch gesê.**

**Mnr. Du Plessis het 'n dringende reorganisasie in die A.S.B.-hoofbestuur, sowel as in die algemene organisasie van die A.S.B. bepleit.**

**BEGINSELS UITDRA**

In een van die hoofbestuursverslae op die kongres, het mnr. Du Plessis gesê: „Ons moet ons beginsels uitdra in die praktyk. Ons moet hulle verkoop, nie net binne ons eie geledere nie, maar ook ver daarbuite."

„Daar sal 'n georganiseerde metode gevolg moet word waarvolgens ons die A.S.B. kan hervorm om die moontlikheid van mislukkings uit te skakel en om geleidelik aanpassings en verantwoordelike optrede te verseker.

**ONTBREEK**

**„Die Calvinistiese of Christelik-Nasionale beginsel het binne die A.S.B. penwortel geskiet en selfs uitgegroei tot 'n boom, maar nou ontbreek die vrugte nog.**

„Ons moet ons lewenskragtigheid daardeur bewys dat ons aanpas by die veranderde omstandighede en die veranderde lewenshouding," het mnr. Du Plessis gesê.

# Koornhof sê Liberalisme is nie ideologie van toekoms

**„MOENIE die liberalisme met enge en tradisionele metodes beveg nie," het mnr. P. Koornhof, L.V. onlangs op Stellenbosch tydens 'n leierskursus van die A.S.B. gesê.**

Mnr. Koornhof het gepraat oor die geestelike verdedigbaarheid van die Afrikaner. Hy het studente aangeraai om die liberalisme op „grootse, dinamiese en onverbiëtigbare" wyse te verwerp.

**KONTAK**

**Kontak moet buite die Republiek gemaak word. Die antwoorde van die studente van die A.S.B. moet buite die grense van die Republiek weerklank vind.**

Mnr. Koornhof het gesê dat liberalisme nie die ideologie van die toekoms is nie, maar suiwer Afrikanerisme is dit wel.

Dit wêreld is moeg vir die onkunde van die liberalisme. Nuwe idealisme besiel die jeug van Suid-Afrika en in die opwelling moet die A.S.B. die toon aangee.

# Toerb(r)oekie vir dames!

Dames wat teen die einde van die jaar die A.S.B.-toer wil meemaak, sal moet ligloop vir die „klerewette" van sekere Europese lande.

Volgens die nuwe toerboekie wat onlangs versprei is, kan dames kortbroeke saamneem indien hulle dit verkies.

Dames wat egter langbroeke tydens die toer wil dra, word gewaarsku dat dit deur die landswette van Italië en Spanje verbied word!



**Die skaakspan van die P.U. het die skaakkompetisie tydens die kunsfees op Stellenbosch gewen. Hier sit mnr. Floors Coetzee, kaptein van die Pukspan teenoor 'n teenstander van die Potchefstroomse Onderwyskollege.**

Foto: Mac v.d. Merwe

# Pukstudent doen skerp aanval op Instituut

Die Christelike Instituut is bestempel as „miskien onwetend 'n instrument in die hand van kommunisme," in 'n referaat wat tydens die onlangse kongres van die A.S.B. op Stellenbosch gelewer is.

Mnr. R. G. Aucamp van P.U. het in die referaat gesê dat die instituut poog om Suid-Afrika in 'n swak lig oorsee te plaas.

„Net soos die liberaliste en die kommuniste, beswadder die instituut ons land deur publikasies en selfs televisie-films waarin Sharpville en ander gebeurtenisse in die swakste lig moontlik geplaas word."

# Matie word nuwe voorsitter van persunie

Mnr. Louis Claassen van die Universiteit Stellenbosch is na afloop van die Afrikaanse Studente-persunie se tweede jaarlikse konferensie op Stellenbosch, verkies as voorsitter van die persunie. Ander lede van die bestuur is mnre. C. Malan (U.P.), Lucas Nel (N.K.P.) Tinus de Villiers (P.O.K.) en Pieter de Klerk (P.U.).



**MNR. A. S. DE BEER**

Die afteredende voorsitter, mnr. Arrie de Beer, het van die vergadering 'n mandaat verkry om te probeer kontak maak met oorsese studentepersorganisasies. Mnr. De Beer gaan die einde van die jaar as houer van die Abe Baileybeurs, vir drie maande oorsee.

● **Die Aspu-lede het 'n mosie ingedien om mnr. De Beer te bedank vir die ontbaatsugtige ywer waarmee hy diens gelewer het vir die Afrikaanse Studente-Persunie.**

# Nou toe nou!




**Die Beeld, 'n nasionale sondagkoerant van Suid-Afrika, bied op Sondag 10 Julie 'n strokiesprent aan sy lesers waarin die hoofkarakter, Tokkie, die naam „P.U. vir C.H.O." op sy bors dra. Hierbo verskyn een tekenprentjie uit die weeklikse strokiesverhaal van die koerant.**

# Ons Lesers Skryf

## DIÉ PUK IS ONTEVREDE OOR „DEUR MY LENS"

**Geagte Redaksie,**

**Hoewel die inhoud van Die Wapad oor die algemeen van hoë gehalte is, is ek tog verontrus oor die strekking van sommige artikels wat daarin voorkom. Ek wil veral verwys na die rubriek DEUR MY LENS.**

Die rubrieksrywer het die onaangename gewoonte om neerhalend na die Studenteraad te verwys. Die gesag van hierdie liggaam, wat bestaan uit onkreukbare manne word hierdeur aangetas. Daar word in die rubriek ook nie geskroom om alle aspekte van die studentelewe aan (dikwels afbrekende) kritiek te onderwerp nie. Hierdeur word die eenheid van die konserwatiewe studentegemeenskap aan die P.U. bedreig, terwyl die tradisies van ons Universiteit aangetas word.

**TRANT**

**Die hele trant van die rubriek adem myns insiens 'n gees wat nie eie is aan 'n ware Puk of 'n ware Afrikaner nie. Dit is 'n gees wat baie beter sal aanpas by 'n liberalistiese atmosfeer.**

Ek wil die hoop uitspreek dat hierdie rubriek voortaan sal handel oor dinge wat eie is aan ons studentwees en ons volk en sy ongebreidelde kritiek sal staak.

Die uwe,

Konserwatiewe Puk.

## DIE DAMES IS BEKOMMERD

Dear Editor,

There is something that has been worrying us for some time. To get it off our minds, we are writing this letter to you. It is very obvious that at present the opinion of the majority of students over matters of importance to the affairs at our Varsity, doesn't count at all.

The "Studente Raad" seems to take everything in their hands, and the general opinion carries no weight. Why is it impossible to pass criticism about things that might not be satisfactory to some.

I do think that this is rather unfair, or said in better language, undemocratic.

Thank you,

M. RAATH (Miss)
L. BRIERS (Miss)

**(You are now passing criticism. Was it impossible? —Editor).**

* Huise
* Plase
* Plotte
* Besighede
* Standplase

BESOEK MY EERSTE VIR 'N EERLIKE TRANSAKSIE

Eienaar:
G. Schoonhoven
Tomstraat 86a Telefoon 5136 Na-ure 6056
Huisarres: Van der Hoffweg 1

J. HEIDEMA
Vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk

Opberging
van fietse gedurende vakansies
Kerkstraat 48 —Tel. 5319

GROSVENOR
EN
GOUGH MOTORS
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

I. GLASER
— JUWELIER —
VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!
Kerkstraat 187 Tel. 3622

TX MODISTE
(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon
Kerkstraat 183 Tel. 4856

Ruikers vir alle geleenthede
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

die WAPAD

WOENSDAG 3 AUGUSTUS 1966

# REORGANISASIE

WAT bied die A.S.B. aan die moderne studente? Wat bied die moderne studente aan die A.S.B.?

Hierdie vrae volg uit 'n verslag van mnr. R. J. P. du Plessis, voormalige direkteur van Studie en Navorsing voor die kongres van die Afrikaanse Studentebond op Stellenbosch.

Met hierdie bydrae tot die jaarlikse kongres het mnr. Du Plessis hom uitgewys as een van die mees realistiese sprekers op die hele kongres.

Die oorbeklemtoning van die beginsel as sodanig terwyl die toepassing daarvan in die praktyk veel te wense oorlaat, is 'n beskuldiging wat lank reeds deur die Engelse pers en op 'n meer gematigde wyse deur die Afrikaanse pers teen die hoof van die A.S.B. geslinger word.

Die aanbeveling van mnr. Du Plessis dat die nuwe hoofbestuur ondersoek sal instel na die organisasie en werkwyse van die A.S.B., waarna gereorganiseer kan word was nie alleen 'n stap in die regte rigting nie, maar ook 'n behoefte van die tyd Die A.S.B. verdien veel meer belangstelling op die Afrikaanse kampusse. Die afsydige houding van sovele studente binne die geledere van die A.S.B. dui baie duidelik daarop dat daar aanpassing nodig is by die veranderende omstandighede waarin die student hom vandag bevind.

Hierdie aanpassing kan seer sekerlik geskied sonder dat beginsels oorboord gegooi hoef te word. Deur die uitdra van die beginsels in die praktyk, kan veel meer jongmense aktief betrek word by die werksaamhede van die A.S.B. En hier dink 'n mens spesifiek aan die pleidooi van Dagbreek dat die A.S.B. dit sterk moet oorweeg om tot die stigting van 'n hulpkorps oor te gaan, „wat met diens en voorligting die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse gedagte na ander kan uitdra."

# VERBLYDEND

'N BAIE onverwagte dog welkome mosie wat tydens die A.S.B.-kongres ingedien is, is sekerlik die een wat die ou-ou kwessie van die gewetensklousule weer aangeroer het.

Dit was veral verblydend om te sien dat die mosie nie van die P.U. vir C.H.O. se kant af gekom het nie, maar wel van een van die ander Afrikaanse universiteite waar die gewetensklousule nog steeds van toepassing is.

Dat die jongmense hier die voortou geneem het, deur die bestaan van so 'n klousule te sien en aan te dui as 'n struielblok in die pad van die uitlewing van die Christelike beginsels aan 'n inrigting vir hoër onderwys, dui weer eens aan dat ons studerende jeug nog kerngesond is.

Dit was egter verbasend om tydens die kongres op te merk dat so min studente daarvan bewus was dat die gewetensklousule lank gelede reeds aan die P.U. afgeskaf is.

## *Studente skryf en praat . . .*

**„Dit lyk vir my of samewerking tussen die A.S.B. en Nusas onmoontlik is. Al wat oorbly is samesprekinge, indien dit sinvol kan geskied."**

**—Prof. P. A. Verhoef,
A.S.B. Kongres,
Stellenbosch.**

**„Sommige winkels floreer op ons studente. Ons moet daarop aandring en selfs so ver gaan om hulle te boikot as hulle nie bereid is om in ons taal te bedien nie."**

**— Mnr. Gerrie Botes (G.O.K),
A.S.B. Kongres,
Stellenbosch.**

**„In sy huidige vorm het Nusas geen bestaansreg nie . . . Wie weet, dalk vind ons dat Suid-Afrika sonder Nusas nie armer is nie, maar ryker en gelukkiger."**

**— Mnr. P. A. M. v.d. Merwe,
(U.P.) - A.S.B. Kongres.
Stellenbosch.**

**„Die student in Suid-Afrika moet hom voortdurend prinsipieël verantwoord ten opsigte van sy eie lewens- en wêreldbeskouing en daar moet met groot omsigtigheid te werk gegaan word, wat betref alle skakeling met Amerikaanse affiliasies.**

**Daar bestaan 'n nuwe bedreiging vir gesonde studenteverhoudinge in Suid-Afrika. Hierdie bedreiging is die afdruk van 'n Amerikaanse lewens- en denkwyse op die gebied van studente verhoudinge in Suid-Afrika."**

**—Mnr. B. Geldenhuys (U.S.)
A.S.B. Kongerss,
Stellenbosch.**

# In U Lig

**„Maar die hand van die Here was oor Elia, sodat hy sy heupe omgord en voor Agab uitgeloop het in die rigting na Jisreël". —1 Konings 18: 46.**

Elia, profeet van God, mag voor die koning uitloop. Die koning, Agab, afvallig voor die Here, God van sy vadere. Die koning wat geen rus of duurte kon kry in sy vervolging-stryd teen Elia nie. Die koning wat geswig het voor die mag van Isébel, en aangehou het om die Here te terg.

Maar Elia **moet** voor die koning uitloop! Hoewel dit 'n voorreg is, hou dit ook 'n verpligting in. En sy keuse is reeds gemaak — vir hom. Want „die hand van die Here was oor Elia". Hy **moet** voor Agab, die koning, maar wêreldling, uitloop.

Hoewel per voet, mag hy voorloop — en moet hy voorloop. Hy kyk nie weer terug na die lang pad van vervolging, beproewing, honger en nood, wat agter lê nie. Maar omdat die hand van die Here oor hom was het hy sy heupe omgord om voor Agab uit te loop.

Tog is hierdie ingetoë triomftog nie 'n vovorlopery sonder meer, van God se uitverkorene nie. Hiertoe is hy voorberei „want God het sy heupe omgord", sodat hy georden kon word om wel voor te kan loop.

En hierdie triomftog beweeg in die rigting na Jisreël. Jisreël wat beteken: „God saai".

So stap elke Christen saam. En omdat God die heupe van elke Christen omgord het, stap hulle vóór.

Maar onthou dit: waar u voor stap, u stap in die rigting van Jisreël — die vrugbaarste streek in die land wat God vir sy volk geskep het.

# - Deur My Lens -

Alles lyk rustig op die tuisfront na die afgelope vakansie. Dit lyk of die studentelewe darem weer vinnig op dreef begin kom. Die komende Intervarsity begin al die gemoedere van een en almal opwek. Ander studente-aangeleenthede vra ook om 'n regmatige deel van die belangstelling van elke ware Pukstudent. Baie sake wat ons aandag verdien het reeds die afgelope kwartaal na vore gekom, veral op die laaste massavergadering. Die gebeure omtrent die plaaslike A.S.B.-bestuur is nog nie ten volle opgeklaar nie. Ek hoop dat 'n massavergadering om hierdie saak onder meer te bespreek (soos een van die persone wat by die saak betrokke is beloof het) nie te lank uitgestel sal word nie.

**MATIES**

**Daar is in die vakansie meer gedoen as rus. Die groot aantal kongresse en toere wat die afgelope maand gehou is, het baie van ons besig gehou en ook resultate gelewer, wat uit veskillende berigte in hierdie uitgawe blyk. Verskillende Pukke het hulself laat geld in die werksaamhede van landswye studente-organisasies.**

Op die A.S.B.-kongres, het ons manne hulle ook deeglik van hul taak gekwyt. Dit wil voorkom of die mees kritiese en vernuwende gedagtes wat op die kongres gelug is, van die P.U. se kant gekom het. Hiermee wil ek niemand beledig nie, veral nie die Maties nie, wat, soos ek gehoor het,uitstekende gashere was. Die Maties het hulle gewig dan ook sterk ingegooi by die kongres en op die hoofbestuur.

**SAMEWERKING**

Dit moet gesê word dat daar feitlik harmoniese samewerking was tussen die universiteite en onderwyskolleges op die kongres. Daarvan getuig die groot aantal eenparige besluite en die eenparige verkiesing van die hoofbestuur. Dit lyk werklik of volkome eenheid tussen die Afrikaanse studente wel bereik is. In hierdie sin het die tema van die kongres beslis tot verwesenliking gekom.

**VERLEË**

Die kritiek wat die pers, soos verlede jaar, op die A.S.B. se verrigtinge gelewer het, getuig in elk geval van die groot belangstelling in die studente en hul aktiwiteite. Dit is miskien juis as gevolg van die brandende belangstelling dat die kongregangers 'n bietjie verleë gevoel het en hulle nie sommer goedsmoeds in „nuwe wêrelde" wou begeef nie. Tog moes die kongres vir die kongresgangers baie beteken het, as 'n mens kyk na die referate wat daar gelewer is. Miskien moet meer studente in staat gestel word om die kongres te kan bywoon. Dit kan die belangstelling van die gemiddelde student in die A.S.B. verhoog, waardeur die liggaam meer doeltreffend kan fungeer.

**EKSKLUSIWITEIT**

Hierdie gedagte bring my by die verskynsel van eksklusiwiteit in ons studentelewe. Vandag stel slegs 'n klein groepie van die studente belang in die studente-aktiwiteite op algemeen-kulturele, lewensbeskoulike en politieke gebied. Die oorsaak van die verskynsel skyn te lê in veral die massafikasie van die universiteit, en die toenemende spesialisasie in studierigting. Die gevolg van die verskynsel is dat al hierdie aktiwiteite verrig word deur 'n klein groepie studente. Aangesien slegs die groepie self ook in hul eie aktiwiteite belang stel, lei dit daartoe dat die aktiwiteite verwaarloos word en meer aandag gegee word aan die persoonlike voordele wat die aktiwiteite bied. So word die werksaamhede dikwels meer vorm as inhoud.

**VERBETERING**

Dit is moeilik om die oplossing vir die probleem te vind. Reorganisasie van die studentelewe, waaraan hier op die P.U. reeds aandag geskenk word, sal in baie opsigte seker 'n verbetering kan bring. Om belangstelling by meer studente op te wek, is nuwe metodes noodsaaklik. Hoewel dit moeilik om die metodes te vind, en toe te pas, moet nie versuim word om 'n begin te maak nie. Diegene wat in die posisie is om hierdie taak uit te voer, het die plig om na die beste van hulle vermoë belangstelling onder die studente in sake van kulturele en politieke aard soveel moontlik op te wek.

Die studentelewe moet in al sy aspekte deur al die studente gevorm en uitgebou word, ten einde 'n werklik lewende studentelewe te kan hê.

—REFLECTOR.

# OVER E VOOR WIL GROOT SPORTDAG VIR PUK REËL

**„Die sportkomitee van Over de Voor beoog om, in samewerking met die Sportinstituut van die P.U., 'n spesiale sportdag te reël." So het mnr. Dok Briers, woordvoerder van die sportkomitee, in 'n onderhoud met ons verslaggewer gesê.**

**Om 'n geskikte datum te vind, lewer nog probleme op. Daar word reeds op hoë vlak samesprekings gevoer, het mnr. Briers gesê.**

**„Die doel van die sportdag is om as plaasvervanger te dien vir Vreugdedag-aksies wat nie meer bestaan nie, en sodoende die leemte wat in ons studentelewe ontstaan het, te probeer oorbrug."**

**Behalwe spanne van die plaaslike koshuise sal P.O.K.-koshuisspanne ook vir die dag uitgenooi word. Voortrekkerkoshuis van .UP. sal moontlik uitgenooi** word om die dag aan die sportverrigtinge op P.U. deel te neem, het mnr. Briers gesê.

**Hy het daarop gewys dat dit nie uitsluitlik 'n rugbydag sal wees nie, maar dat soveel sportsoorte as moontlik verteenwoordig sal word. Dit sal eintlik 'n klein Intervarsity wees, het hy gesê.**

Die dag word glo met 'n groot **vleisbraai afgesluit.**

## William Scott as kaptein verkies

**Tydens die rugbybestuursvergadering op 27 Julie is William Scott verkies tot kaptein van die P.U. se eerste rugbyspan.**

Die vorige kaptein was Gieter van der Walt. Scott het reeds in verskeie wedstryde wat die vorige semester beslis is, in die plek van Gieter van der Walt opgetree, wat as gevolg van 'n besering nie die taak kon volvoer nie.

Jannie Schutte is die nuwe onder-kaptein.

In die plek van prof. H. Venter, uittredende voorsitter, is mnr. Joggie Hattingh gekies terwyl mnr. Hans van Zyl herkies is tot sekretaris van die bestuur.



**Deon Malan, haker van die Pukke se eerste span. Hy het Saterdag vir Wes-Transvaal teen die span van Noordwes Kaap op die veld gedraf. Koos du Plooy van die P.U. het in dieselfde wedstryd vir die Mielieboere as senter diens gedoen.**

## Pluimbaldames seëvier

Die jaarlikse inter-universitêre pluimbaltoernooi is die afgelope vakansie in Durban beslis vanaf 4 tot 8 Julie.

**Die P.U. se verteenwoordigende pluimbalspan het daarin geslaag om die dames enkelspel in te palm.**

Hoewel 'n verbetering in die Pukspan te bespeur was na verlede jaar se vertoning, kon hulle tog nie die pyp rook in die spankompetisie nie.

## Aan die Sportfront

*deur SPREILIG*

DIE BERIG wat onlangs in 'n Afrikaanse Sondagkoerant verskyn het oor beweerde vandalisme op die U.O.V.S.-kampus, na 'n bierdrinkwedstryd, het die P.U.-sokkermanne in 'n uiterse swak lig probeer stel.

In 'n beweerde toestand van dronkenskap het sommige van die universiteite se sokkermanne amok gemaak en baie rande se skade berokken, volgens die spesifieke koerantberig. Dit blyk asof die betrokke koerant se verslaggewer die onus hoofsaaklik op die Pukke en Kovsies plaas. Wits en Natal sou skynbaar geen aandeel in die voorval gehad het nie.

**Nadat die aangeleentheid blykbaar deur die koerant ondersoek is, was die slotsom dat die Pukke en die Kovsies geen aandeel gehad het in enige dronkenskap of vandalisme nie. (Die skade was toe reeds gedaan).**

**REDE**

Die hoofsaaklike rede vir hierdie skrywe is egter dit: Die valse aantyging teen die P.U. is met banieropskrifte die wêreld ingeslinger. Die berig wat die P.U. en U.O.V.S. onthef het van alle blaam, het 'n week later ongeveer een en 'n halwe duim ruimte in beslag geneem — in 'n weggesteekte hoekie.

So maak 'n Afrikaanse koerant.

Ook op sportgebied toon die pers sy mag om te maak of te breek. As die koerant nie van die C.H.O. agter 'n universiteit se naam hou nie, kos dit bloedweinig joernalistieke „behendigheid" om 'n voorval uit verband te ruk en die universiteit daardeur te skaad. Daar is talle voorbeelde van sportmanne wat „doodgeskryf" of „doodgeswyg" is deur die pers. Op hierdie terrein het sommige koerante getoon dat hulle hoegenaamd geen Christelik-etiese beginsel huldig nie.

Maar dat 'n gerespekteerde Afrikaanse koerant op hierdie wyse optree teen 'n Afrikaanse universiteit — dit gaan die verstand eenvoudig te bowe.

## Atlete geniet gasvryheid van Rhodesiërs op toer

**George Muldner, knap mylatleet van die P.U., het Protea-kleure verwerf toe hy die afgelope vakansie met 'n universiteitespan deur Rhodesië getoer het.**

Die universiteitespan het alle byeenkomste waaraan hulle deelgeneem het, gewen. Op Bulawayo het hulle teen Matabeleland gehardloop, op Wanky teen 'n uitnodigingspan, op Mangula teen die Mangula-atletiekklub en op Salisbury teen Rhodesië.

Vyf „all-comers"-rekords is geslaan waaronder die dames 100-tree wat deur Theresa van Rensburg in 10.8 sek. genael is.

**Op die vraag wat die hoogtepunt van die toer was, het Muldner geantwoord: „Die ontmoeting met premier Ian Smith, in sy woning, het die kroon gespan op 'n onvergeetlike toer. Mnr. Smith het sy groete aan Suid-Afrika oorgedra en ‚baie, baie dankie" gesê vir wat die Suid-Afrikaners vir Rhodesië doen."**

Muldner was vol lof vir die wyse waarop hulle in Rhodesië ontvang en getrakteer is.

## Intervarsity 20 Augustus!


# Paradise Restaurant

*Dié kafee op Die Bult . . .*

*bied 'n warm skuilplekkie in die koudste winterwind*




**KOM SPEEL 'N POTJIE SNOEKER**

**Tomstraat 86** **Telefoon 5474**

# *Rugbytoerspan speel wenrugby gedurende Julievakansie*

**„Alle eer aan William Scott en sy manne met die wyse waarop hulle die Puk se rugby weer op die kaart geplaas het. Afgesien van die tellings, kan met vreugde vermeld word dat die span tradisionele studenterugby gespeel het."**

**Met die woorde som mnr. Hans van Zyl die afgelope rugbytoer van die Pukke deur Oos-Transvaal en die Laeveld op. 'n Goeie aanduiding van die tipe spel wat gespeel is word weerspieël deur die feit dat twaalf van die vier en twintig drieë deur die vleuels gedruk is.**

In die toerspan se eerste wedstryd slaag die Pukke daarin om Standerton met 34-9 kaf te draf. Daardeur verower hulle die beker as die span wat die hoogste telling met die rugbydag aldaar behaal het. In die wedstryd slaag Koos du Plooy daarin om nie minder as 22 punte aan te teken nie.

**Die vernaamste redes vir die span se welslae kan daaraan toegeskryf word dat die hele eerstespan anders as met ander toere, die toer meegemaak het en die dissipline wat afrigter Piet Malan deurgaans gehandhaaf het.**

In die ander wedstryde slaag die Pukke daarin om af te reken met: Bethal 13-6, Volksrust 20-9, Carolina 29-6, Lydenburg 21-3, en Nelspruit 14-11.

Dit sal onregverdig wees om uitblinkers uit te sonder. Tog kan die name van Koos du Plooy, Ibbert Joubert, Frik Swart, Deon Malan, Leon de Bruin, Roelf du Plessis en William Scott genoem word. Hulle het goeie spel gelewer. Andries du Plooy het getoon dat hy 'n bruikbare losskakel kan wees.

## Willie is terug

Willie Coetzee, Springbokhekkiesatleet van die P.U. het die afgelope naweek in Potchefstroom aangekom na 'n geslaagde toer in die buiteland.

Willie het weer eens sy staal op die toer getoon deur in sowel Duitsland as Engeland goeie tye in die 120-tree hekkies te behaal.

## Pukke wil Pote vanjaar trap

In 'n onderhoud met William Scott, kaptein van die eerste rugbyspan van die P.U. verklaar hy dat die Tukkies glad nie gerus moet voel oor die komende Intervarsity teen die Pukke nie. Die P.U. kom volgende week op Loftus Versfeld teen die Pretorianers te staan.

„Ons gaan beslis wenrugby speel maar in die sin dat ons die Tukkies met hardlooprugby van hulle voete af sal probeer speel," het Scott gesê.

**FIKS**

**Die manne is fiks en met die gees wat hulle met die toer opgebou het, gaan dinge beslis skeef loop vir die Pretorianers.**

**POTE**

Op 6 Augustus speel die Puk teen die Potchefstroomse Onderwyskollege. Dit sal een van die groot hoogtepunte van die rugbyseisoen wees. Man en muis moet daar wees, want sonder ondersteuning kan ons nie verlede jaar se neerlaag wreek nie, het die kaptein gesê.

Na verneem word sal 'n verswakte eerste rugbyspan van die P.U. Saterdag teen die Onderwyskollege op die veld draf. Nie minder as drie spelers is gekies om Wes-Transvaal teen Rhodesië te verteenwoordig.

Koos du Plooy en Deon Malan wat albei goed vertoon het vir Wes-Transvaal teen Noordwes-Kaap verlede Saterdag, is weer ingesluit. Die derde speler is Ibbert Joubert, blitsige vleuel van die P.U. Vier Pukke het tot dusver die Mieliespan se trui oor die kop getrek. Tot onlangs het Jannie Schutte ook vir Wes-Transvaal gespeel.

★ Die sportredaksie van Die Wapad wens ook vir Piet Spiro, van die personeel van Enslin se Drukkery, geluk met sy verkiesing tot die Wes-Transvaalspan.



**Dewald Steyn van die P.U. gee die pas aan. Kort op sy hakke volg M. Walters, D. Lamprecht, K. Geldenhuys en P. Hunter.**

## Puik vertoning deur Steyn

Dewald Steyn, 'n belowende landloopatleet van die P.U., het tydens die Dalrymple vir landlopers sy staal getoon deur 'n tweede plek te verower.

Die byeenkoms het die afgelope vakansie op die P.U. plaasgevind.

Die enigste droommyl-atleet van Suid-Afrika, De Villiers Lamprecht, het daarin geslaag om Dewald Steyn te klop. Peter Hunter van Wits, verlede jaar se kampioen, moes tevrede wees met 'n derde plek. E. Benjamin van Wits het vierde geëindig.

Weens omstandighede kon verskeie landloopatlete van die P.U.-span nie meeding nie. Die Pukspan wat hom by verskeie vorige geleenthede getoon het as een van die sterkste universiteitspanne in die Republiek, moes vanjaar tevrede wees met 'n vierde plek.

## PRESTEER

Met die interuniversitêre sokkertoernooi wat gedurende die vakansie in Bloemfontein plaasgevind het, het die P.U.-span nie te waffers gevaar nie.


'n Groot onderskeiding het die span te beurt geval toe Sasol Moens gekies is vir die sokkerspan van die S.A.-universiteite.

## Goldfield kon pyp nie rook

In 'n baie aanskoulike wedstryd het die eerste rugbyspan van die Puk Saterdag vir Goldfields-Wes met 16-12 geklop.

Die agterlyn het die bal lekker rondgegooi en die voorspelers het met mening ingeklim. Onder die voorspelers het Vaattjie van der Merwe en Leon de Bruin 'n bars gespeel. Coert van der Merwe het gesorg dat die Pukke die bal gereeld in die lynstane bemeester.

In die P.U. agterlyn het Ibbert Joubert dodelik verdedig en met tye lekker genael met die bal. Johan Kruger het op losskakel netjies vertoon.



**So lyk die Proteaspan wat gekies is na afloop van die stoeitoernooi wat gedurende die Julievakansie aan die P. U. plaasgevind het. Lees berig hieronder.** Foto: Fotokuns.

## STOEIERS PRESTEER EN PALM DRIE TITELS IN

**Gedurende die Suid-Afrikaanse Universiteite se stoeikampioenskappe wat die afgelope vakansie op Potchefstroom plaasgevind het, het die P.U.-Stoeiklub maklik as oorwinnaars uit die stryd getree.**

Nie minder as agt van die tien lede van die span het onder die eerste drie in hulle afdelings geëindig. Manne wat Protea-kleure verwerf het deur eerste plekke te verower is Willie Badenhorst vlieggewig), Gert Ehlers (veergewig) en Piet Goosen (weltergewig). Jan Oosthuizen (kapok), Johnny Joubert (liggewig) en Johan Preller (lig-swaargewig) het tweede plekke behaal, terwyl Johan Boshoff (liggewig) en Leon Wolmarans (middelgewig) derde geëindig het.

**ONDERSKEIDING**

'n Groot onderskeiding het ook die span te beurt geval toe Gert Ehlers as die mees wetenskaplike stoeier van die toernooi aangewys is. Jan Oosthuizen wat deurgaans puik gestoei het, was ongelukkig om naelskraap in die eindrondte te verloor.

Die finale puntetelling was:
Pukke — 26,
Maties — 14,
Tukkies — 13,
Wits — 9.

## Damesspan eindig vierde in tafeltennistoernooi

**Die damesspan van die P.U.-Tafeltennisklub het vierde gekom tydens die inter-universitêre tafeltennistoernooi wat onlangs in Bloemfontein plaasgevind het. Agt damesspanne van verskeie universiteite het deelgeneem.**

Die eerste en tweede mansspanne het onderskeidelik sewende en veertiende geëindig. Die A-span van Wits het die toernooi gewen.

Betsie Brits was ongetwyfeld die besieling van die damesspan. Sy het 'n veggees geopenbaar wat selfs haar spanlede verbaas het.

Vir die mansspan het Pieter van der Walt en Ben Schutte goeie spel gelewer. Charl du Plessis is 'n speler wat maar sedert die begin van die jaar tafeltennis speel. Hy het baie verbeter om die Dinsdagmiddag twee van sy drie wedstryde teen Wits te wen.

**GEES**

**Daar het 'n gesonde gees onder die spelers geheers en al die spanlede was altyd teenwoordig om die spelers aan te moedig.**

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

*„Vleispasteitjies en tamatiesous asseblief . . . "*

Turkstra

te kry by u kafeteria



*Dit is die snit wat tel . . .*
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 3411